# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 225
19 April 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto



**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**

**Berigte - Bondsake**
- **Predikanteberaad**
- **Predikante bestekopname**
- **Lewensbrood**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Meer as skool**

Die afgelope naweek was daar 'n onderwys beraad gehou in Pretoria. Die sprekers het almal belangrike perspektiewe uitgelig. Die vraag is natuurlik of sodanige kongres enigsins relevant is.

Kom ons ondersoek krities die onderwys. Ouers is volgens wetgewing verplig om hulle kinders aan onderwys te onderwerp. Kinders moet tot op 'n sekere ouderdom skoolgaan. Ons stem almal saam dat dit 'n goeie praktyk is.

Die skool doen meer as net ons kinders besig hou en oppas terwyl ons ouers werk. Skool is 'n hulpmiddel in ons strewe om ons kinders te vorm tot volwasse, verantwoordelike, afgeronde mense. Ouers is nie net daar om kinders te kry en hul dan aan die staat of 'n ander instansie oor te lewer nie.

Die onlangse skuldigbevinding en vonnis-oplegging van ouers van 'n kind in die VSA wat kinders by die skool vermoor het, onderstreep hierdie gedagte. Ouers is nie broeimasjiene nie, hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor hul kinders en die gemeenskap.

Hierdie verantwoordelikheid is nêrens meer sigbaar as by die doopbelofte nie. Kinders word deur die ouers (op)gelei, en deur ander sekondêr geskool.

Ouers is nie net een van die belanghebbende partye by die skoling van hul kinders nie, hulle is die eerste en belangrikste belanghebbers by die ontwikkeling van hul kinders. Die kerk, gemeenskap en staat is almal helpers in hierdie taak. Ons lees vroeg reeds in die Bybel *(Deuteronomium 11:19 - Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan*) dat ouers die opdrag het om hulle kinders te skool, sodat kinders eerstens kennis van God moet hê. In die ouerhuis het die kinders alles anders ook geleer, en byvoorbeeld by die gilde hoe om 'n spesifieke ambag te kan volg.

Een van die groot omwentelinge in onderwys het plaasgevind tydens die industriële revolusie. Die aard van onderwys het verander; dit was belangrik om fabriekswerkers, administratiewe personeel, bestuurders en dies meer op te lei. Kinders is voorberei vir ekonomiese aktiwiteite eie aan die nuwe ekonomie en eise van die samelewing.

Hul is opgelei om na skool ekonomies aktief te wees, of dit nou handelskool of universiteit was. Die probleem is dat onderwys nie meer die volle menswees van ons kinders aangespreek het nie. Ons menswees is verskraal tot ekonomiese faktore. Ouers het verkeerdelik alle verantwoordelikheid

abdikeer. Skole het al hoe meer van die kinders en ouers se tyd en finansies in beslag begin neem. Die prestige van sportskole het ouers en kinders verlei. Die feit dat elke kind 'n komma twee persent kans het om 'n professionele atleet te word, is nie in ag geneem nie. Die feit dat elke kind met 'n honderd persent sekerheid voor die Regterstoel gaan staan, is misgekyk. Die feit dat ons kinders hulle volle menswees moet kan uitleef, is verskraal in die strewe na tydelike aansien.
In ons eie land het die staat besluit om die opleiding van ons kinders hulle s'n te maak, en hulle het besluit om gehoorsame burgers op te lei. Lewensoriëntering en die nuwe Bela-wet is bewyse daarvan. Kinders moet gebreinspoel word, eerder as om goed vir die lewe voorberei te word. Die val van standaarde met die gepaardgaande uitbreiding van verpligte onderwys, asook die wegneem van beheer deur die ouers, dui almal op 'n staat wat net "gehoorsame" burgers verlang, nie onafhanklik denkende mense nie.
Teen hierdie agtergrond is dit meer as ooit belangrik dat die kerk saam met ouers werk om te verseker dat ons kinders as vrye mense deur die sisteem sal beweeg. Tot die doel moet meer as net gebid word. Ouers het voor getuies gedoop, en met die getuie-wees gaan 'n verantwoordelikheid gepaard.
Hier is in algemene terme oor ons kinders gepraat. Gelukkig is die bewerings gemaak, nie waar van alle ouers en kinders nie. Volkseie skole en tuis-onderrig is steeds moontlik. Gemeenskaplike toesig en ondersteuning gaan ondersoek moet word.
Punt is; ons gaan moet hande vat as geloofsgemeenskap om steeds ons taak ten opsigte van ons kinders getrou na te kom.

Johan Otto

# BERIGTE

## BONDSAKE

### PREDIKANTEBERAAD

Die Bondspredikante het op 4 & 5 April 2024 te Theresapark bymekaar gekom. Naas die kollegiale saamwees is drie teologiese terme aangebied en bespreek. Die oorhoofse tema: Bybels - Reformatoriese Teologie is ingelei deur drs. Otto en Botma: Die tema is bespreek saam met sub-temas te wete Chiliasme ingelei deur di. van Antwerpen en Viljoen asook Maria en surrogaatskap, ingelei deur di. van Zyl en Viljoen.
Al drie temas is afwisselend bespreek en vele perspektiewe is aangebied. Daar was konsensus dat drie temas te veel was vir die tyd beskikbaar. Die volgende beraad sal op een tema fokus.
Naas intense teologiese gesprek het almal aangenaam saamgekuier en heerlik saamgeëet.
Dit was wonderlik om die kollegiale band tussen predikante van verskillende ouderdomme te ervaar. Saam is ons 'n formidabele span.

### PREDIKANTE BESTEKOPNAME

Ons wag met gespanne verwagting op die Here se wederkoms. Intussen moet ons die wyse diensmeisies wees wie se lampe tot die einde kan brand, wanneer dit ookal is. Met dit in gedagte - ons toekoms beplanning rondom gemeentes en predikante. Die Kuratorium is besig met 'n opname om na beraming te bepaal hoeveel predikante beskikbaar gaan wees in die arbeidsveld. Hierdie opname

se gegewens vra na sake soos gesondheid en omstandighede.
Van die praktiese faktore wat dit vir predikante moontlik maak om na vermoë voortgeset te kan werk na aftree ouderdom, is relevant. Wat is aftree ouderdom? Elke gemeente/ vereniging behoort self die finale aftree-ouderdom van werknemers in oorleg met mekaar (werknemer en werkgewer), te bepaal. Die vereiste is net dat dit redelik en rasioneel moet wees. Daar is nie 'n vasgestelde aftree-ouderdom nie.
Gemeentes waar hierdie gesprek nog nie gevoer is nie, word aangemoedig om wel die saak aan te spreek. Die Bondsvergadering van 2013 het bepaal dat predikante op 70 mag aftree. Daar is gemeentes wat op ouderdom 65 emeritaat toelaat. Verenigings en gemeentes word nie deur die Bondsvergadering voorgeskryf nie, en vandaar die versoek dat gemeentes in gesprek met hulle predikant daardie eerste aftree ouderdom vasstel. Daarna kan daar steeds jaar-op-jaar kontrakte wees.

## LEWENSBROOD 2025

Die predikante werk hopelik reeds hard aan die dagstukkies vir 2025. Ons dank aan elke een wat bydra tot die suksesvolle publikasie. Die keerdatum vir die instuur van dagstukkies is **15 Mei 2024**. Daar is nie baie tyd beskikbaar vir die proeflees werk nie en ons beplan om die gedrukte weergawe vroeër uit te stuur.




## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK


Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.



Premiermyn Hervormde Kerk
Jag op Cullinan Game Farm 25-28 Julie 2024
Eerste prys: Koedoe Koei en Rooibok Ram
Tweede prys: Blouwildebees Koei en Rooibok Ooi
Derde prys: Die vleis van 'n Rooibok Ooi en Vlakvark - gewaarborg
Pakket sluit in vir die eerste en tweede prys:
Verblyf vir twee jagters, voertuig, slag en koelkamer
Trekking: 7 Julie 2024
R200-00
Kontak: Cassie Esterhuizen 082 888 7318
Snap here to pay
SnapScan
Jagter kan ook onderhandel met
Cullinan Game Farm
oor verdere bokke vir eie sak
Om deel te neem
aan die Jagpakket,
scan hierdie QR Kode

Vergeet-My-Nie
Resepteboek
2024
INHOUDSOPGAWE
INDEKS
Bladsy
Resepte en idees vir een-mens etes 8
Voorgeregte & sop 9 - 11
Vis 13 - 16
Vleis 17 - 33
Groente & slaai 35 - 43
Nagereg 45 - 50
Pannekoek, pasta & pizza 51 - 54
Happies, drankies & doopsouse 55 - 58
Brood & beskuit 59 - 62
Gebak (koekies, lekkers, koeke & terte) 63 - 89
Allerlei 91 - 98
Wenke 100 - 101
Boererate 102 - 104
Die KOMBUIS is
Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle (1 Pet 5:7)
R220 per eksemplaar
Kontak Premiermyn